Dinsdag **23 Januarie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 52:13 – 53:12**

**Fokusgedeelte: Jesaja 52:13 – 53:12**

**Dit is Hy wat ons verteenwoordig, sý beeld wat ons moet uitstraal**

Vir die Jode was dit verwerplik om eens te kon dink dat so ’n patetiese figuur die Seën uit Abraham kon wees; die ewige Heerser uit Dawid. In hulle verwagting van die Messias was daar nie plek hiervoor nie.

Hierdie beskrywing van die Here se Dienskneg, Jesus Christus, is verbysterend. Die beskrywing van lyding en verwerping, van opoffering en selfverloëning, is verruklik. Dit vul mens met afgryse, maar terselfdertyd met verwondering – Hy het dit vir my gedoen?! En dit is net maar nog sy fisiese lyding. Om daarby nog deur God verlaat te word, was letterlik hel! Verstommend dan om verder te besef dat Hy dit vrywillig gedoen het in gehoorsaamheid aan sy Vader, in vervulling van sy roeping as Messias. ’n Asemrowende uitbeelding van God se liefde. Verbysterend voorwaar.

Dit was die prys om elkeen wat Hom in geloof sou omhels, vry te koop van die heerskappy en van die straf op sonde. Sy opoffering as losprys vir ons wat daadwerklik glo, bring versoening met God, dit herskep ons in Christus as verteenwoordigers van die Drie-Enige God, herstel in sy beeld. Die Heilige Gees omvorm ons om al meer gelyk te word aan die beeld van Jesus Christus. Deur sy werk van heiligmaking in ons verstel Hy ons uitbeelding sodat Jesus Christus self in ons al meer in fokus kom.

Watter Jesus beeld ek en jy in ons lewens uit? Is die geslagte Lam van God sigbaar in my en jou optrede, in ons woorde en ons gedagtes? Die gevaar is groot dat ons ook soos die Jode net belangstel in die Leeu van Juda – om sy mag en sy heerskappy en sy heerlikheid uit te leef en sigbaar te maak. Dit sal kom, maar in hierdie bedeling voordat Hy weer kom is ons dissipels, navolgers van God se geslagte Lam. Hy roep ons self op tot selfverloëning en deur Paulus leer Hy ons dat ons ook sy lyding sal sigbaar maak.

Lees weer hierdie gedeelte – dit was die prys om ons te verlos van sonde en ons te herstel as God se verteenwoordigers; dit is ’n beskrywing van dié God wat ons moet uitbeeld en tentoonstel in ons denke, met ons woorde en met ons gedrag.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3*

*Ds. AJ (Andries) Burger (Pinetown)*